



Voorskrif veterinêre medisyne beheer en gebruik in Suid-Afrika

Twee wette kontroleer die gebruik en beskikbaarheid van voorskrif veterinêre medisyne in Suid-Afrika:

- **Wet op Medisyne en Verwante Substansie, (Wet 101/1965):**
 - Reguleer die beskikbaarheid en toegang tot veterinêre medisyne deur sy skedules en die Suid-Afrikaanse Gesondheidsprodukte Reguleringsowerheid (SAHPRA) implementeer hierdie Wet. SAHPRA registreer alle geskeduleerde veterinêre medisyne na goedkeuring van die veiligheid, effektiwiteit en kwaliteit daarvan.
- **Wet op Veterinêre en Para-Veterinêre Beroepe, (Wet 19/1982):**
 - Beheer die vereistes van veearts wat die veterinêre medisyne voorskryf, resepteer en/of toedien en die Suid-Afrikaanse Veterinêre Raad (SAVR) is die reguleringsowerheid vir hierdie Wet.

Wet 101/1965 skedulering, beheer die beskikbaarheid en toegang tot veterinêre medisyne soos volg:

- Skedules 1 en 2 is beskikbaar by apteke sonder 'n veterinêre voorskrif.
- Skedules 3 tot 6 vereis 'n veterinêre voorskrif wat 'n veearts net onder hierdie toestande mag uitreik:

Die veearts moet met die kliënt konsulteer en 'n fisiese ondersoek op die diere pasiënt/e uitvoer om 'n diagnose van die siekte te maak d.w.s. daar moet 'n geldige 'veearts-kliënt-pasiënt' verhouding wees. Die veearts kan dan medisyne voorskryf (Skedule 3 en hoër, indien toepaslik) vir die behandeling en reseptering van hierdie medisyne of die kliënt kan die voorskrif by 'n apteek indien.

'n Veterinêre voorskrif is toepaslik op:

- Die buite-etiket gebruik van medisyne (gebruik van 'n veterinêre medisyne vir doeleindes en in ander diere wat nie op die goedgekeurde voubiljet aangedui is nie, of die gebruik van menslike medisyne vir veterinêre gebruik).
- Bereiding van medisyne beteken om medisyne te kombineer, verpak en te etiketteer vir spesifieke pasiënt/e by 'n goedgekeurde samestellingsfasiliteit, as daar geen geregistreerde medisyne beskikbaar is nie.

'n Veearts mag NIE Skedule 3 medisyne en hoër voorskryf en resepteer as daar nie 'n geldige 'veearts-kliënt-pasiënt' verhouding is nie. 'n Veearts mag ook nie 'n kliënt van medisyne voorsien op 'n voorskrif uitgereik deur 'n ander veearts nie. So 'n voorskrif moet by 'n apteek verkry word.

Vir kroniese siektetoestande van die pasiënt waar die kliënt 'n voorskrif van 6 maande kry, mag die veearts nie 'n voorskrif vir die volgende 6 maande uitreik na die voorskrif klaar gebruik is nie, tensy die veearts die nodige 6-maandelikse ondersoek op die pasiënt uitgevoer het nie.

Die veearts kan deur die SAVR en SAHPRA vervolg word indien hy/sy oortree.

